Soutpansberg handel.[1] *Dorpsmense van die Soutpansberg* moes nogtans in baie opsigte ook nuut vanuit die grond nagevors en saamgestel word.

Tempelhoff het hierdie publikasie in opdrag van die Oorgangsraad van die Groter Louis Trichardt saamgestel. Die probleem inherent aan ‘n opdragpublikasie, naamlik dat die opdraggewer ten alle koste tevrede gestel en nie geaffronteer moet word nie, word deur Tempelhoff vermy. Sy werk is deurgaans krities en verantwoord. Die indeling van hoofstukke volg ‘n natuurlike chronologiese gang en neem ‘n aanvang met "‘n prehistoriese verkenning van die Soutpansbergse omgewing". Dit trap nie in die strik van om óf enersyds net aan plaaslike politiek óf andersyds om te swaar op net die blanke te fokus nie. In hierdie opsig streef die werk na ‘n totale benadering. Sosio-ekonomiese en ander dimensies word byvoorbeeld deeglik in ag geneem en die rol van swartmense word baie meer prominent as in vorige werke aangedui.

Die groot aantal fotos wat ingesluit word, tel tot die krediet van die werk en help om veral die sosiale geskiedenis van Louis Trichardt te versterk. Dit is egter jammer dat fotos van veral die vroeëre tydperk nie goed afgedruk het nie. Klaarblyklik om koste te bespaar is ‘n eenvoudige, dog treffende omslag op sagte buiteband aangebring.

*Dorpsmense van die Soutpansberg* word sterk aanbeveel by almal wat in dié streek of in plaaslike geskiedenis oor die algemeen belang stel.

*Johan Bergh*

Universiteit van Pretoria

## Breë veld van SA geskiedenis bondig bespreek

ROBERT ROSS, *A concise history of South Africa*

Cambridge University Press, Cambridge (UK), 1999

pp. 219, illustrations, index

ISBN 0 521 57578 8

R99-96

Die boek van Robert Ross, *A concise history of South Africa*, Cambridge University Press, Cambridge, 1999, vorm deel van ‘n reeks oor "Concise histories" van

1. J.W.N. Tempelhoff, "Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899" *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 60, 1997.

verskeie lande gedurende die twintigste eeu. Ander boeke in die reeks wat reeds verskyn het, is byvoorbeeld Duitsland, Frankryk, Griekeland en Portugal.

Om so 'n boek van ongeveer 200 bladsye te skryf en daarmee 'n geheelindruk van die lande se geskiedenis by die leser te skep, is beslis nie 'n maklike taak nie. Dit is duidelik dat dit altyd vir skrywers van algemene werke oor 'n land se geskiedenis problematies is om te besluit waar die klem behoort te val. So het die klem in die meer nasionalistiese geskiedskrywing oor Suid-Afrika op die blanke politieke geskiedenis en die rol van blanke leiers sedert die vestiging van Europeërs aan die Kaap geval. Aan die einde van die sestigerjare is die siening uitgedaag in die algemene werk van Monica Wilson en Leonard Thompson, *The Oxford history of South Africa*. Swart mense het nou nie net randfigure gevorm in die storie van blankes nie, maar is as aktiewe rolspelers in die verhaal van Suid-Afrika gesien. Daardeur is nie net baie mites oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis die nekslag toegedien nie, maar is die tydperk waarna daar na die Suid-Afrikaanse geskiedenies gekyk behoort te word, ook geweldig uitgebrei. In die 1970's en 1980's het die radikale historici die belangrikheid van 'n klasse-ondersoek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis beklemtoon.

Die doel met hierdie werk was kennelik om 'n bondige algemene inleiding tot Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf prekoloniale tye tot die hede te verskaf. In hierdie opsig ding dit direk mee met die 1995 (hersiende) uitgawe van Leonard Thompson se *A history of South Africa* en, wat die 20ste eeu betrefr, met werke soos Beinart se *Twentieth century South Africa* of Worden se *The making of modern South Africa*. Ross wou nie in hierdie boek met 'n nuwe teoretiese model vir die ontleding van die Suid-Afrikaanse verlede vorendag kom nie, maar die algemene geskiedenis van Suid-Afrika veral vanuit die laaste twee benaderings ontleed en beskryf het. Daarby het hy ook 'n sterk "Africanist" perspektief in sy interpretasie geïntegreer. Swart mense is nie meer die randfigure soos hulle in sommige vroeëre algemene geskiedenisse voorgehou was nie, maar aktiewe deelnemers aan wat met hulle gebeur.

Inhoudelik begin Ross met 'n bespreking van die vroeë Afrika inwoners van Suid-Afrika en die koloniale onderwerping van die gebied deur Brittanje. Slegs 'n kwart van die boek word egter aan dié periode voor die twintigste eeu afgestaan, ander kwart aan die periode tot 1948 en die helfte aan die die periode 1948 tot 1994. Dit het die skrywer die geleentheid gelaat om die meeste klem op die rasse-verhoudinge in Suid-Afrika te laat val. In hierdie opsig verhang hy baie duidelik die bordjies van ander algemene werke soos dié van Davenport, *South Africa. A Modern History* en Cameron en Spies, *An illustrated history of South Africa*. Die twintigste eeuse blankes in Suid-Afrika was kennelik nie meer die helde nie. Hulle word baie duidelik as die onderdrukkers voorgehou en die swart mense as die slagoffers van hierdie onderdrukking. Wanneer die maatreëls wat die apartheid ideoloë ingestel het asook die implikasies daarvan gelees word, is dit inderdaad belangrik om studente en die leserspubliek daaroor in te lig. Dit is iets wat vorige algemene werke nog ietwat van weggedeins het, maar wat begryp behoort te word as kontemporêre Suid-

Afrika verstaan wil word.

Wanneer die boek so gelees word, is dit feitlik onvermydelik om dit nie as 'n viering en regverdiging van die "Bevrydingstryd" te sien nie. Die onwerkbaarheid van en die ellende wat die apartheidsbeleid vir duisende mense ingehou het, kan nie ontken word nie en Ross wys tereg daarop. Tog sou 'n meer genuaseerde en krititese aanbieding van die rol van die ANC en meer aandag aan ander opposisiegroepe (PAC, Black Consciousness Movement en die Kommunistiese party van Suid-Afrika) teen die staat, die rol van opposisie in die algemeen in breër perspektief geplaas het.

Benewens politieke vraagstukke, spreek die boek ook sommige sosiale en ekonomiese vraagstukke aan. Verbande word byvoorbeeld getrek tussen die rol wat die apartheidsbeleid op die ekonomiese oorlewing of pogings tot oorlewing van swart mense in die stede en die reserwes gespeel het. Die euwels van vandag soos geweld, armoede en werkloosheid word eweneens voor die deur van Europeërs sedert kolonisasie tot apartheid gelê. Weereens is so 'n verklaring té simplisties van aard as die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing in ag geneem word.

Terwyl daar nie werklik nuwe materiaal ontleed word nie, het Ross nietemin daarin geslaag om 'n breë beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te skets met die klem veral op die twintigste eeu en hoe belangrike prosesse, gebeure en beleidsrigtings swart mense gedurende die hele periode geraak het. Die boek kan nuttig op voorgraadse vlak gebruik word, maar, soos met alle boeke, moet dit krities gelees word.

Louis Grundlingh

Randse Afrikaanse Universiteit

## Witchcraft discourse in universal mode

PETER GESCHIERE, *The Modernity of Witchcraft: Politics and the Occult in Postcolonial Africa*

University Press of Virginia, Charlottesville

English edition 1997,

Translated by Peter Geschiere and Janet Roitman from the original French edition ("Sorcellerie et Politique en Afrique - la Viande des Autres").

xii plus 311 pages

ISBN 0 8139 1702 6